Source: BEELD

Date: 30-Dec-2004

Topic: 25

Ref No: 6239

1

ID: 03168246-01


Source Page: 1

# Tekort aan onderwysers oor 5 jaar

PROF. J.D. JANSEN

Suid-Afrika gaan binne die volgende vyf jaar 'n ernstige tekort aan onderwysers ervaar; só ernstig tewens dat dit die fondamente van ons jong demokrasie gaan bedreig. Hierdie probleem is reeds vir 'n geruime tyd aan 't broei, maar 'n ramp is nou op die punt om ons nasionale opvoeding- en opleidingstelsel te tref. Navorsing toon aan dat Suid-Afrika jaarliks meer as 20 000 nuut-gekwalifiseerde onderwysers benodig, maar dat slegs 5 000 nuwe onderwysers jaarliks aan ons 25 hoër opleidingsinstansies afstudeer. Dit volg dus dat ons in die volgende vyfjaarsiklus 'n tekort van 75 000 onderwysers sal ervaar en dan hou ons nog nie eens in gedagte dat hierdie tekort reeds sedert 2000 aan 't opbou is nie.

Daar is veral drie hoofredes vir hierdie kritieke afname in die getal hoërskoolleerders wat onderwys as 'n beroep kies. Eerstens het onderwysers en die onderwysberoep oor die afgelope dekade konsekwent negatiewe dekking in die media ervaar, iets wat die onderwysberoep vir jong mense besonder onaantreklik maak. Tweedens wemel dit van gerugte dat (werklose) onderwysers in sommige provinsies in die strate rondswerf. Voornemende studente is dus geneig om te dink dat hulle nie 'n betrekking sal vind met 'n onderwysgraad nie. Wat die studente uit die oog verloor, is die feit dat hierdie werklose onderwyslui hoofsaaklik ontoereikend gekwalifiseerde onderwysers is. of onderwysers wat nie opgelei is om die nuwe kurrikulum te implementeer nie. Derdens het die sluiting van meer as 100 onderwyskolleges (iets wat noodsaaklik was, veral omdat gehalte van opleiding aan die meeste van hierdie kolleges, hoewel dit nie oral die geval was nie, benede peil was) ons land in effek ontneem van 'n landelike fasiliteit wat massiewe geleenthede gefasiliteer het vir studente wat weinig ander geleenthede gehad het vir verdere studie.



PROF. J.D. JANSEN van die Fakulteit Opvoedkunde by die Universiteit van Pretoria. Foto: ALET PRETORIUS

Ek skat dat ten minste 10% van alle hoërskoolkandidate in enige samelewing onderwys as 'n beroep kies; nie omdat hulle reken hulle gaan hierdeur superryk word nie, maar omdat hulle gedryf word deur idealisme en die bereidwilligheid om 'n diens te lewer; om 'n verskil te maak in hul gemeenskappe. Wanneer daardie klein getal as gevolg van die negatiewe beeld (persepsies) van onderwys krimp, word enige demokrasie in sy wese bedreig.

Die Universiteit van Pretoria is in die gelukkige posisie dat meer as 600 studente jaarliks aansoek doen om aan die Fakulteit Opvoedkunde in 'n onderwysrigting te studeer. Ewe insiggewend is die feit dat daar jaarliks 'n aantal studente is wat hul eerste jaar in ander studierigtings (soos ingenieurswese en regte) slaag, maar wat daarna besluit dat hulle onderrig wil gee en die volgende generasie regsgeleerdes, rekenmeesters, tandartse, en, ja, onderwysers, wil inspireer. Ek wil graag glo dat daar 'n ander rede bestaan vir hierdie groei in die getal onderwysstudente aan Tukkies, naamlik die feit dat ons oor 'n span hoogs bekwame en toegewyde dosente betrokke by die opleiding van onderwysers beskik; dat ons die wydste verskeidenheid vak- en programkeuses moontlik aanbied waarin studente kan kwalifiseer; dat ons op hierdie toegewyde opvoedkundekampus 'n veilige en geborge ruimte skep waar dit vir studente maklik is om 'n hegte kampuskultuur en gemeenskap te geniet; en dat gereelde universiteitsbusse ons studente tussen die twee universiteitskampusse vervoer wat meebring dat ons studente in staat gestel word om die beste van beide wêrelde te geniet.

Die vernaamste rede waarom Tukkies egter jaarliks meer as 2 000 voorgraadse, voordiens-onderwysers oplei, is die feit dat al ons studente (wat belangstel in 'n betrekking) lank voordat hulle afstudeer reeds 'n betrekking bekom; dat ons studente gesog is (dit geld in sowel die beste skole in ons land as dié in ander lande, en dat ons kurrikulum erkenning verleen daaraan dat professionele arbeid in die 21e eeu mobiel is, wat meebring dat ons studente toegerus behoort te word met basiese kennis, vaardighede en waardes wat hulle sal voorberei om in 'n wye verskeidenheid kontekste te werk as onderwys- en opleidingspesialiste en nie slegs lewenslank as onderwysers in 'n enkele skool nie.

Daar is egter 'n ander faktor waarna ek moet verwys, en dit is die feit dat baie van ons studente afkomstig is uit stabiele skole met toegewyde onderwysers. Elke keer as ek 'n eerstejaarstudent vra waarom sy of hy onderwys as 'n beroep gekies het, kry ek dieselfde antwoord: "Dit was my Engelsonderwyser in Graad Een" of "Dit was my Geskiedenisonderwyser in Graad 11" of "Dit was my klasonderwyser op laerskool" ("wat my geïnspireer het"). Met ander woorde, hulle het onderwys gekies na aanleiding van die inspirerende voorbeeld van 'n persoon wat iewers langs die lewensweg aan hulle onderrig gegee het.
Wanneer sulke onderwyserrolmodelle nie meer bestaan nie, kan daar nie meer bevoegde mediese beroepslui of geïnspireerde digters of toegewyde maatskaplike werkers of bekwame landsburgers wees nie. Om die waarheid te sê, daar kan dan nie meer goeie skole wees nie. En wanneer so-iets gebeur, kan daar nie langer sprake wees van demokratiese samelewings nie.